

**11 Februarie**

**Skrifgedeelte: Romeine 15:1-13**

**Fokusgedeelte: Romeine 15:7**

### **Aanvaar mekaar soos die Here Jesus jou aanvaar het**

Die Here het die mens geskape en in verskillende verhoudings aan ander mense verbind. In elke verhouding is die aanvaarding van mekaar baie belangrik.

Die Here Jesus het jou onvoorwaardelik aanvaar. Hy het jou aanvaar, nie omdat jy so goed en so wonderlik is nie óf omdat jy een of ander prestasie gelewer het nie. Nee, Hy het jou aanvaar net soos jy is, met jou swakhede en al jou sondes. Deur sy verdienste is jy opgeneem in die Vader se huisgesin.

Met hierdie sekerheid as motivering kom die Here met die oproep (Rom 15:7): "Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God."

Wanneer jy besef dat die Here Jesus jou aanvaar het, sal dit jou dring en dryf om die mense rondom jou te aanvaar, al verskil hulle ook van jou. Moet dus nie toelaat dat verskille oor minder belangrike sake jou van jou broers en susters én van die Here én van sy kerk vervreem nie. Dit weerspieël dat jy nog nie werklik die Here se liefde ervaar het nie en dat jy nog nie besef dat Hy jou aanvaar het nie.

Die Here Jesus hét jou aanvaar! Vat mekaar se hande! Hou hierdie eenheid in stand deur in vrede met mekaar te lewe, want so kry God die eer. Op die manier alleen kan ons eensgesind en uit een mond lof toebring aan God die Vader van ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 133 (2001-omdigting) Ds C Krüger (Nelspruit)*